



KRAALDORING

deur HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Kraaldoring, *Caesalpinia decapetala* (Roth) Alston, die sogenaamde "Mauritius thorn", familie Fabaceae (voorheen Caesalpinaceae, onder die Leguminosae), is 'n aggressiewe uitheemse plant wat blykbaar oorspronklik na Suid-Afrika ingevoer is om as heiningplant te dien. Dit het spoedig na die omringende veld "ontsnap" waar dit nou 'n groot bedreiging vir die natuurlike weiding inhou.

MORFOLOGIE

Kraaldoring is 'n immergroen, halfregop of kruipende, houtagtige, doringrige struik. Dit kan tot 30 m hoog in ander bome op groei, en uiteindelik die stut totaal oorgroei. Die stingels is bruin, geriffeld en fyn behaard, en is oortrek met kort, stewige, baie skerp dorings wat reguit of effens teruggebui is.

Die dubbelgeveerde blare is afwisselend gerangskik, tot 300 mm lank met 'n bruin blaarspil wat aan die onderkant bewapen is met kort, stewige, teruggebuiede dorings. Op die blaarspil kom pare regoorstaande blaarvere voor, wat weer onderverdeel is in 'n groot aantal langwerpige blaartjies ongeveer

15 mm lank en 6 mm breed, met baie kort blaarsteeltjies. Die blaartjies is tweekleurig, en beide oppervlakke is met fyn haartjies oortrek. Die rande van die blaartjies is glad en effens teruggerol, en die punte is spits.

Die dofgeel blomme is in digte, opvallende, okselstandige trosse, tot 300 mm lank, saamgegroepeer. Die afsonderlike blomme is ongeveer 5 mm in deursnee en het 5 opvallende dofgeel kroonblare en 10 harige meeldrade wat in 'n afwaarts-wysende silindriese groep voorkom. Die blomstele is tot 35 mm lank.

Die vrugte van die kraaldoring is houtagtige, plat, bruin peule, met 'n skerp snawel aan die punt.



Blomme van kraaldoring

'n Ondeurdringbare kraaldoringruigte wat die natuurlike plantegroei totaal oorgroei



Aan die onderkant van die blaarspil kom kort, skerp, teruggebuigde dorings voor

Die peule is effens gebuig, sowat 80 mm lank, 25 mm breed en effens vernou na die basis. In ryp peule kom afgeplat-eiervormige sade voor, sowat 10 mm lank en 8 mm breed. Wanneer die peule ryp is, bars hulle langs een naat oop, en die swart of donkerbruin sade bly dan in die bootvormige peul agter. Voortplanting is hoofsaaklik deur sade wat gewoonlik deur water versprei word.

Kraaldoring kan maklik verwar word met inheemse *Entada* spp., wat ook rankplante kan wees. In teenstelling met kraaldoring het *Entada* spp. egter nie dorings nie, die blomme kom in verlengde are voor, wat baie soos die van *Acacia* spp. lyk en die binneste deel van die ryp peule breek op in stukkie wat elk een saad bevat. Die raamwerk van die peul bly egter nog aan die plant sit.

OORSPRONG EN VERSPREIDING

Kraaldoring is inheems in Indië en Sri Lanka. Dit is 'n algemene onkruid in Suid-Afrika, Kenia, Tanzanië en Zimbabwe, en is ook teenwoordig in Australië.

Blykbaar is kraaldoring vir die eerste maal na Suid-Afrika ingevoer deur sendelinge wat dit as 'n heining teen leeus geplant het. Dit word vandag nog deur sommige Swart stamme as 'n heining om hulle krale aangeplant, waar dit gou 'n ondeurdringbare versperring vorm. Kraaldoringheining is ook deur Blankes in die Hillcrest-omgewing in Natal aangeplant.

Die onkruid kom hoofsaaklik in subtropiese en somerreëgebiede voor, veral in die warm, vogtige valleigebiede van Transvaal, Zoeloeland, Natal, Swaziland en die Oos-Kaap. Die grootste besmettings is in die Oos- en Noord-Transvaalse bosstreke. Dit groei veral langs riviere, in plantasies en teen die rande van inheemse woude.

In 1985 was sowat 3 100 ha denneplantasies reeds met die onkruid besmet, wat beteken dat 1,2% van die totale denne-oppervlakte van Suid-Afrika besmet is.

GEVARE

Kraaldoring vorm baie doeltreffende heinings, maar indien dit nie gereeld teruggesnoei word nie, ontaard dit maklik in 'n digte, ondeurdringbare, doringagtige ruigte. Dit raak maklik gevestig op verwaarloosde grond en langs paaie, en verdring die inheemse plantegroei.

Kraaldoring is 'n aggressiewe indringerplant van rivieroewers. Die digte blaredak oorskadu ander bome, en verdring die natuurlike plantegroei. Dit produseer groot hoeveelhede saad wat stroom-af dryf om nuwe gebiede binne te dring. Omdat dit ongewens is om chemiese plantdoders naby riviere toe te dien, en die terrein meestal onbegaanbaar is, is sulke besmettings baie moeilik om te beheer.

In plantasies bemoeilik kraaldoring die werksaamhede ernstig. In nuutgevestigde plantasies vertraag dit die groei van die jong boompies in so 'n mate dat die boompies soms saam met die onkruid chemies gedood moet word waarna die gebied weer bebos moet word. In die geval van gevestigde plantasies verhoog kraaldoringbesmettings die ontginningskoste drasties.

Omdat dit moeilik is om kraaldoring tussen ander plantegroei raak te sien wanneer dit nie blom nie, word die omvang van die besmetting dikwels onderskat.

WETGEWING

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983, is kraaldoring tot 'n onkruid verklaar. Dit mag dus nie versprei word of toegelaat word om te versprei nie, en mag nêrens in die Republiek in stadsgebiede voorkom nie. Plase in die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat moet heeltemal vry wees van die onkruid, en in die res van die Republiek moet dit beheer word op alle plaaseenhede waar dit groei.

BEHEER

Twee middels is tans geregistreer vir die chemiese beheer van kraaldoring, naamlik glifosaat (L1488) en triklopir (L3249). Om te verseker dat die hele besmetting bespuit word, sal dit voordelig wees om te wag totdat die plante blom, en dus makliker raakgesien kan word.

Die onkruid kan ook meganies beheer word deur dit gedurende die droë seisoen te brand (op plekke waar dit veilig is) en dan die saailinge wat daarna opkom, onmiddellik met die hand uit te trek. Indien die plant afgekap word, word die groei daarvan dikwels net gestimuleer tensy die wortels ook uitgegrawe word.

Indien bereikbaar, kan stamme naby die grond geringeleer word, of die bas kan rondom die stam deeglik afgekap word, sodat die plante binne 'n paar maande van die wortels af sal doodgaan.